# <u>DIE CHRISTENDOM EN ANDER GODSDIENSTE</u>

Hand 17:21-34

Ons **paaie kruis** dikwels met die van mense met verskillende godsdienstige agtergronde. Hulle sit saam met ons in die *klas*, *werk* saam met ons en sommige is dalk deel van ons *vriendekring*. In **my dae** was daar wel nie Moslems saam met ons op skool nie, maar daar was wel 'n hele paar Jode saam met ons in die klas.
**Die vraag** waaroor baie christene wonder, is: <u>Hoe moet ons teenoor mense van ander godsdienste optree?</u> Sommige mense wil weet: Is al die godsdienste *ewe reg*? Is Jesus die *enigste* Verlosser, of is daar ook ander? Is alle godsdienste, soos soms gesê word, *verskillende paaie* wat op die ou end tog na dieselfde bergtop toe lei?
VIER sake is in hierdie verband van belang: Eerstens

1. <u>RESPEK VIR MENSE UIT ANDER GODSDIENSTE</u>

'n Mens verwonder jou soms vir **die erns** waarmee mense met ander gelowe hulle godsdiens beoefen. Jy kan dit nie maar *aflag* nie en nog minder daarmee *spot.* Dit sou liefdeloos en onbillik wees. Jy moet hulle toewyding respekteer. Vergelyk **Paulus se benadering** teenoor die Ateners: Hy gee eers aan hulle **erkenning**: *"Ateners, ek sien dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is."* (:22) Hy gee hulle eintlik 'n kompliment.
Waar kom hierdie **wydbestaande begeerte** om God te dien **vandaan?**
*Vers 27: "God het hulle (die mense) <u>gemaak</u> om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind."* **Augustinus**, een v d groot Christelike kerkvaders, het geskryf: <u>*"Die mens is vir God geskep en sy hart bly onrustig in hom totdat hy in God rus gevind het."*</u> Daar is by mense '*n ingebore verlange na God*. Daar is **die besef** van 'n *"hoër wese"* en 'n behoefte om daarmee kontak te maak. **Die Bybel** leer vir ons dat God in sy genade iets van Hom aan alle mense bekend maak. Ons noem dit die **algemene openbaring.**
Hoe doen Hy dit?
Deur die **natuur** en die **geskiedenis**. *"Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie."* (Rom 1:20).

2. <u>DAAR IS NET EEN VERLOSSER</u>

Hierdie algemene openbaring is egter **nie genoeg** nie. God het aan ons in Jesus Christus sy **volle bekendstelling** gegee. Dit is die "Besondere openbaring".
Hebr 1:3 verklaar *"Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God."* Die Bybel sê in **Joh 14:6** Hy is "*die weg en die waarheid en die lewe*". Niemand kom na die vader behalwe deur Hom nie. Daar is net hierdie **een manier** waardeur ons gered kan word, en dit is deur Jesus. <u>*"HY bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil hê dat ons verlos moet word nie."* (Hand 4:12)</u>
Noudat die besondere openbaring plaasgevind het, sê Paulus vir die Ateners: *"God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle te bekeer, want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wrld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan."* (:31)
Op die oog af is daar **baie ooreenkomste** tussen die groot wêreldgodsdienste: almal het *seremonies* en *heilige boeke*, almal het *gebede* en *heilige plekke* ens. Maar daar is

EEN WESENLIKE VERSKIL wat die Christelike evangelie totaal anders maak as ander godsdienste.
Wat sou u sê is dit?
Al die ander godsdienste is ten diepste “selfhelpgodsdienste”, terwyl die Christelike godsdiens ‘n “God help-ons-godsdiens” is.
Wat bedoel ek daarmee?
Al die groot godsdienste vertel hoedat ‘n mens **hom-/ haarself kan red**, hoe die mens vir hom/haar ‘n **brug** na God toe kan bou:

- Die **Jode** sê: Daar is die *wet*! Bestudeer dit, gehoorsaam dit en jy sal deur God beloon word.
- Die **Moslems** sê: Jy ken die *vyf pilare* van Islam. Kom jou verpligtings na en Allah sal jou met die ewige lewe beloon.
- Die **Hindoe** sê: Soek jy na *moksha* (verlossing)? Onttrek jou aan die wêreld, dissiplineer jouself, sterf alle begeertes af. Dalk sal jy so die fatale wiel van reïnkarnasie ontsnap en in die heerlike “niks” verdwyn.
- Die **Boeddhis** sê: Daar is die *agvoudige pad* wat die Boeddha vir ons aangewys het. Wandel daarop.
- Die aanhanger van die **tradisionele godsdienste van Afrika** sê: Sorg at jy in die *regte verhouding* met die geeste en die mense leef. Moet niks doen om die harmonie te versteur nie.

Die **christelike boodskap** is egter totaal anders. Dit vertel jou nie wat jy alles moet doen om jouself te red nie, want jy kan nie!
Van alle godsdienste neem die Christelike godsdiens **die sonde** die ernstigste op.
Al die ander gaan uit vd stndpt dat die mens uit sy eie tot **iets goeds** in staat is. Daar is iets wat jy kan doen om jou redding te *verdien*. Die Bybel leer ons dat ons **totaal-en-al sondig** is, dat ons tot **niks goeds** in staat is nie: *“almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.”* (Rom 3:12) Ons **kan niks bydra** tot ons redding nie. Dit is alleen uit **genade** wat God ons red – net soos ons is: *“Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ‘n gawe van God. Dit kom nie uit julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.”* (Ef 2:8)
JC het *reeds alles gedoen* om ons verlossing moontlik te maak. Ons hoef dit net *te glo.*
Die GROOT HARTSEER is dus dat, terwyl ons Moslem-, Hindoe- en ander bure MET GROOT ERNS probeer om van HULLE kant af **‘n brug** tussen die mens en God te bou, hulle pogings klaarblyklik **tevergeefs** is. Want geen mens – nie die beste of mees ingeligte man of vrou op aarde – kan deur sy of haar pogings daardie brug bou nie. Net God kan daardie brug bou.
As jy nou hartseer voel oor daardie klasmaat of vriend/in wat so ‘n goeie mens is, maar tog nog verlore is, sal jy Paulus se hartseer oor sy mede-Jode wat nog nie vir Jesus aangeneem het nie, goed kan begryp. Hy skryf oor hulle die volgende in Rom 10: *“Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word, want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig. Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hul eie manier kry.”* (10:1-3) En dan verklaar hy ‘n paar verse verder hoedat jy gered word: *“As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.”* (:9)

3. <u>ONS GROOT VERANTWOORDELIKHEID</u>
Ons Christene het dus eintlik ‘n baie groot verantwoordelikheid.
Kan u raai wat dit is?
Dit is om vir ander mense TE BID en van God se liefde en genade te VERTEL. Soos Paulus sê: *“Ek staan onder ‘n verpligting ... vandaar my begeerte om die evangelie te verkondig. Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is ‘n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook vir die nie-Jood”* (Rom 1:14-17).
Vierdens
4. <u>ONS DADE PRAAT HARDER AS ONS WOORDE</u>
In ons getuienis teenoor hulle is dit belangrik om die bekende uitspraak van die groot Hindoeleier v d vorige eeu, **Mahatma Gandhi**, in gedagte te hou.
Hy het 21 jaar lank in SA gewoon en gewerk. In die jare was hy baie geínteresseerd in die Christelike godsdiens en het hy gereeld sy Bybel gelees. Maar hy het ongelukkig nooit ‘n christen geword nie. *“Ek is baie verlief op Christus, maar van die Christene hou ek nie baie nie,”* het hy geskryf. *“Hulle praat aanmekaar van verlossing, maar ek het eintlik nooit ‘n verloste mens gesien nie.”*
Dit wys hoe belangrik ons **optrede en gesindheid** teenoor mense van ander godsdienste en geloofsgroepe is. <u>As ons hulle nie met liefde en respek benader nie, sal hulle hul nooit steur aan ons boodskap van liefde nie.</u> Dit sal nooit werk om Christus op ‘n *meerderwaardige manier* op hulle te probeer afdwing nie. Laat ons ons toelê op <u>VRIENDSKAPSEVANGELISASIE</u> dws deur eers verhoudings te bou, en <u>DIENSEVANGELISASIE</u> i.e. deur nederige diens aan ander te lewer. En wanneer ons dan die **geleentheid kry,** laat ons soos Paulus seker maak dat hulle die suiwere ev HOOR en REG VERSTAAN.
SLOT
Ja, Jesus IS die enigste Verlosser;
Ja, ons HET ‘n verpligting om vir die aanhangers van ander godsdienste te bid en teenoor hulle te getuig;
Ja, ons moet hulle met respek en in liefde benader.

Amen
12.10.08

Bron: Geloof wat rêrig is.

VRAE

- Lees weer die Skrifgedeelte en gesels oor Paulus se benadering van die Ateners. Hoekom het so min daardie dag tot geloof gekom?
- Kruis jou paaie soms met mense wat ander godsdienste aanhang? Vertel van jou ervarings. Hoe tree julle teenoor mekaar op?
- Gesels oor die verskil tussen die Christendom en alle ander godsdienste.
- Gesels oor die stellings: “Van alle godsdienste neem die Christelike godsdiens die sonde die ernstigste op.”
- “As ons hulle nie met liefde en respek benader nie, sal hulle hul nooit steur aan ons boodskap van liefde nie.”
- Bid vir die Jode en die Moslems vir wie julle ken.